



die ArtKat

Maart / April 2009

Uitgawe 2 van 2009



Goeiedag al die Artkat studente en vriende,

Die afgelope lang naweek het ek die voorreg gehad om Madikwe Wild reservaat te besoek. Ek wil hulde bring aan almal wat soveel betrokke is by die versorging en bewaring van ons diere en plantegroei in Afrika. Ek het my toegerol in die "stilte" van die plek waar die diere regeer. Afgekapte boomstompe met oranje bruin lywe het bo op die vuurherd gestaan as natuurlike beeldhouwerke. In teen gesprek het ek geantwoord in komplimentêre blou potlood om die ervaring te verewig in 'n skets soos gesien by Allerlei (bladsy 7).

Neal en Viki was die gasheer en vrou. Behalwe dat hulle betrokke is by die bestuur van die reservaat is Neal ook 'n baie goeie Wildsfotograaf. Hy is ook besig om die wildsblomme van Madikwe te fotografeer met die oog om 'n boek vry te stel. Gaan kyk gerus na sy werk: http://www.photo-africa-stock.com/view_photog.php?photogid=6 en <http://photo-africa.blogspot.com/2008/12/photo-africa-photographer-neal-fischer.html>. Nie alleen is dit goeie dokumentasie nie maar sy persoonlike waarneming en betrokkenheid by sy onderwerp maak jou as aanskouer sien, daar waar jy gewoonlik net van bewus is.

Ons beplande uitstalling tema "Soul Windows" is vinnig op dreef. Kunswerke wat reeds gemaak is gee ons reeds 'n kykie in die siel van Artkat. Ons is ook besig om die "Kat" sy regverdige plek te gee deur Artkat Studio- katte en studente se huiskatte te verewig in skilderye.

Die uitstalling in Potchefstroom sal hanteer word deur Inkara Strydom wat self 'n Kuns studio het en vir ons die geleentheid gee om daar verjaardag te hou. Dit is net twee huise vanaf die Artkat 1. Baie dankie Inkara.

Kunswerke moet die eerste week van September ingehandig word by Artkat Studio in Sekretarisvoël Straat 84. Monumentpark Pretoria en in Potchefstroom by Inkara se Studio by Steve Biko/Tom Straat 124. Die Bult. Kontak asb. vir my of Inkara vir enige navrae in Potchefstroom.

Inkara: 0827733812 www.inkara-art.com

Ons is ook altwee op Facebook. Studio 3 en Artkat Studio.

Groetnis,

Johanna van ArtKat.

Colour of the Month : Orange

Orange stimulates activity, appetite and energy and encourages socialization. It is a combination of red (for personality) and yellow (for wisdom). Orange integrates these to help us overcome anger and develop self control.

Jaar program

Maandag	15h30 – 17h00	Kinderklas
Woensdag	09h00 – 11h00	Jaarkursus
Woensdag	15h30 – 16h00	Kinderklas
Woensdag	18h30 – 20h30	Jaarkursus
Donderdag	09h00 – 11h00	Gevorderd
Donderdag	11h00 – 13h00	Eie projek
Saterdag	09h00 – 11h00	
Saterdag	11h00 – 13h00	

Veldsessie se datum sal in die maand vir 'n Saterdag geskeduleer word.

Klasgelde:

Maandelikse tarief (vooruitbetaalbaar):

Enkelklas: R110 (maw R440 of R550 per maand)

Dubbelklas in die week: R160 (R640 of R800 / m)

Dubbelklas Saterdag: R220 (R880 of R1100 / m)

Soos altyd kan klasse gedurende die maand ingehaal word maar nie oorgedra word na die volgende maand nie. Bevestig net asseblief vooraf.

Die volgende geld vir enkel klasse wat per klas betaal word. Dit word vooraf met my bespreek want jou plek word dan nie outomaties gehou nie:

Enkelklas: R140 per klas.

Privaatklas/uur Dinsdae: R140/uur

Dubbelklas in die week: R220.


Dubbelklas Saterdag: R270

Klasse wat per klas betaal word gee die vryheid en vrymoedigheid om te kom wanneer dit jou pas.



Mandala Kursus

'n Mandala kursus is nie net daarop gerig om jou in die tegnieke van die verskillende mediums te leer nie, maar primêr om met jouself 'n binne gesprek te voer. Die Nederlanders gebruik juis die meer gepaste woord "Heelbeelden" Dit help jou in jou proses om 'n prentjie van jou huidige omstandighede te verbeeld. ArtKat het twee kursusse die afgelope tyd aangebied. Nie alleen is dit terapeuties van aard nie, maar ook baie aanskoulik. Kontak my vir gereelde Saterdag sessies.



Colour of the Month : Orange

Orange

The word orange developed from the Sanskrit word naranga. In the early Christian church, orange was a symbol of glory and fruits of the earth. It was also called the wisdom ray. In education, engineering is represented by orange.

The orange dye produced by the madder root dye was not colourfast and orange clothes were worn by the lower classes

Blue


Owls are the only birds that can see the colour blue! Mosquitoes are more attracted to the colour blue than any other colour. Of all the colours in the spectrum, blue is an appetite suppressant. Weight loss plans suggest putting your food on a blue plate. Or even better than that, put a blue light in your fridge and watch your munchies disappear.

Complement : Blue

Blue signifies truth and is associated with the creative power of God. It causes the brain to release calming hormones. Blue is a symbol of truth, the colour of sky and water "cool, clean, refreshing" so the effect is calming and soothing.

Kinderklasse.

Die verhaal van Ishtra, een van die godinne van vrugbaarheid, vertel dat sy spelenderwys haar troetelvoëltjie verander het in 'n hasie. Die hasie het gekleurde eiers gelê wat dan aan kinders uitgedeel is. Hierdie stukkie mitologie het vorm aangeneem met hierdie werkies van die kinders waar die hasie dan vlerkies gekry het. Gekleurde eiers en vere is saam aan 'n tak in die lug gehang as 'n "mobile"




Regs: 'n Kunsuitstalling by Fried's Contemporary wat oor "Harte" handel het die jong studente se koppe vol gedagtes en idees gesit.



Baie gelukkige Moedersdag aan al die mammas.

If there is anyone that wishes to receive the newsletter electronically, please send an e-mail to me at johanna@artkat.co.za so that I can place your name on my distribution list.

Jaarkursus



Kunstenaar van die maand : Laureen Giovaninoni



Laureen is 'n Potchefstroomer en 'n oud ArtKat student. Ek het haar gevra om hierdie maand die gas te wees en ek stel haar graag aan julle voor.

Die skildery wat ek spesifiek onthou van jou, was jou gesin. Is die gesinslewe nog steeds vir jou 'n inspirasie en wat motiveer jou die meeste om te skilder?

My gesinslewe bly maar deel van my menswees, .My "speelsheid" in my skildery soos jy dit noem, Johanna, dink ek kom maar van my kinders af en dalk ook my kindwees wat ek nog binne my het. Wat my motiveer om te skilder is pragtige kuns foto's wat ek sien en die mooi in die lewe. Ek is ook lief daarvoor om 'n mooi item te skilder soos my handsakke wat ek geskilder het. Mooi dinge is vir my 'n inspirasie en laat my hunker na my olieverf en die doek.



Wat is jou grootste motivering om te skilder?

Om te skilder is vir my sielskos. Ek voed my siel deur en deur as ek skilder. Dis "my-tyd" vir myself want mens so nodig het na jy als ingesit vir jou huis en jou kinders. Ek sou sê dis my grootste motivering om myself te voed .

Jou spesifieke tegniek was nog altyd baie speels en kleur en lyn altyd deel daarvan. Is daar 'n kunstenaar wat jy sou beskou wat jou inspirasie is of is dit iets wat net uit jou hart kom?

Wat skilder betref kom dit meestal uit my hart. Ek skilder op my eie manier en leer myself tegnieke aan deur werkswinkels by te woon van kunstenaars. Lyn sou ek sê is een van my tegnieke wat deurgaans in al my werke uitstaan. En dan hou ek baie van Irma Stern se werke en Maggie Laubscher en dan meer onlangs Hanlie Kotze. Ek geniet die tegniek van Irma Stern juis oor haar lyn en kleur gebruik. Hanlie Kotze se "speelsheid" trek my weer aan in haar skilderye. So het ek soveel kunstenaar inspirasies en invloede wat ek geniet en waarvan ek wil leer. Leer met die oog en word inspireer deur die lewe en my hart.

Kinderkuns lê jou na aan die hart. Vertel ons iets van die projek wat jy in Potchefstroom gedoen het om dit te bevorder.

Ek het saam met die Kinderbiblioteek in die dorp betrokke geraak by hulle Vakansie programme vir kinders. Dit was vir my 'n groot lekkerte want kinders is nog so lus vir leer. Ek het klein 15 x15cm canvassies vir elke kind gemaak wat op doek gespan was. Elke kind moes sy eie voorwerp saambring wat ons dan op die tafel voor hom sit en dit het ons dan geskilder met gewone akrielverf en kryte. Ek het ook 'n tegniek gebruik met hulle wat ons destyds op Technikon gedoen het nl. om op maat van musiek met toe oë te teken .Ek het van klassiek tot rock opgesit en hulle was mal daarvoor. Hulle het lekker gelag as hulle, hulle oë oopmaak en sien wase lyne hulle gemaak het. Daaruit moes hulle iets sien 'n voorwerp en dan dit verder vat en 'n kunswerkie maak. (Sien foto van kinderprojek) Verder was die program 'n hele week lank en het ons dinge soos tie en die gedoen wat ek in Technikon gedoen het en krale en draad goedjies gemaak. Kinderkuns lê na aan my hart want dis sulke eerlike kunswerkies. Ek voel ook ek wil 'n kind leer van kuns en die liefde daarvoor kweek in hulle hartjies.

Sal jy dink dat dit belangrik is om aktief deel te neem aan 'n kunstenaars vereniging?

Defnitief. Uit nuusbriewe en nuwe verwickelinge put 'n kunstenaar baie inspirasie. As jy dit nie doen nie stagneer jy. Lees van nuwe uitstallings gaan loer in bekyk tegniek en toepassing. Lees boeke , leer van ou meesters en selfs die nuutste kontemporêre kunstenaars. Stel belang in soveel moontlike kunsoorte selfs fotografie. Kunstenaars kan hulle self ook inspireer nie net deur die kunsverenigings nie , maar dis 'n definitiewe plus punt om deel van dit te wees. So kry jy ook geleenthede en mense begin jou werke raak te sien ..Dit help nie jy skilder agter geslote deure in jou werkskamertjie en niemand weet van jou nie. En, ek weet ek is self so en baie ander kunstenaars .Jy sonder jou af maar daar is tyd vir afsonder en tyd om uit te gaan en die wêreld te wys wat jy als kan "create".



Dink jy kunstenaars beïnvloed mekaar nog steeds vandag soveel soos wat dit in ons kuns geskiedenis gesien kan word en sou jy dink dit is belangrik.?

Ek dink kunstenaars beïnvloed mekaar nie meer soos in die ou tye nie. Ek sou sê kunstenaars is meer individualisties en het hulle eie unieke denkwysse. Ek dink persoonlik dis goed want so is elkeen uniek en dis wat na voor kom. Ek sou sê ek leer uit ander kunstenaars se unieke manier van toepassing en denke. Ek dink tog dis belangrik dat mens leer uit die ou meesters maar tog is die nuwe neiging om uniek te wees en mekaar nie so slaafs na te volg soos destyds nie. Ek dink die geskiedenis was goed vir ons ,want hulle het ons riglyne vir ons neergelê sodat ons kunstenaars van deesdae in kategorieë kan plaas soos Impressionis, Ekspressionis ens.

Behalwe skilder is daar ander stokperdjies en belangstelling?

Ek hou baie van drukwerk soos "monoprints" en kollografie drukke. Verder is ek lief daarvoor om my huis mooi te maak en geniet baie programme op BBC oor dekor en "make overs" van huise. Selfs die Design programme is vir my interessant. Ek hou ook baie daarvan om buite te wees veral as die lug so mooi blou buite is en die son helder skyn.

Wat is jou toekoms planne met jou kuns?

Ek beplan dalk om verder te gaan studeer meer in Fine Arts en drukwerk self .Ek wil deurgaans leer en beter en beter word in my skilder. Ek sal graag my tegniek wil behou en dit nie verloor nie. Ek het `n kompliment van `n dosent in 1ste jaar op Technikon gekry wat gesê het : "my tegniek is uniek en anders ek moet aanhou daarmee dis my merk. "Ek sal nie hierdie groot kunstenaar wil wees nie maar sal wel iewers wil kom en my loopbaan probeer opbou in my kunste vir wat ek so lief is .Ek sal graag my liefde in `n beroep wil maak waar ek beide finansieel kan baat en ook kreatief kan bly.

Wat wil jy as kunstenaar vir ArtKat studente sê?

Glo in jouself .Hanteer kritiek en bou daarop en leer en luister na raad wat ander kunstenaars vir jou gee. Leer en hou aan leer en werk aan jou tegniek soveel jy kan. Teken en bly aan teken want dis die basis van skilder en kuns as jy nie kan teken nie kan jy nie skilder nie .Vat `n boekie saam en as jy sit en niks doen nie teken .Leer ook kleurvermenging en wat werk en wat werk nie. Bo als voed jou siel en geniet dit wat jy doen.

My sel is 082 337 24470

E-pos : laureen@lantic.net



Ekspressionistiese Oefening

Die Ekspressionistiese oefening wat ons in een klas-sessie gedoen het, het geverg dat die student met lekker los kwas haaltjies kleur, vorm en lig direk op 'n doek moes plaas. Een van ons beginner studente het met sy potlood saam gespeel met verrassende resultate. Lekker spontane oefening wat baie suksesvol verloop het.



Back by popular demand:
Our Season Tree

Jester/Hanswors/Nar/Harlekin/Trickster Projek.



Hierdie karakter het deur die eeue in verskillende kulture 'n rol vertolk wat steeds belangrik geag word. Hierdie maand nou ek weereens soos tevore dat almal aan hierdie projek vrywilliglik deelneem. Ek sal jou fasiliteer sodat jy ook op 'n spelenderwyse kan vasstel wat jou alter ego in die vorm van die teken van jou persoonlike nar vir jou se. Kyk na ander kunstenaars soos bv. Pablo Picasso wat dieselfde onderwerp by herhaling geskilder het en vind uit hoekom. Skilder dan jou eie Nar as 'n finale kunswerk.



Harlequin 1915

Uitstappie by die Kuns vereniging



Die uitstalling van die finaliste vir die Absa Artelier toekenning vir 2009 was 'n hoogtepunt met 'n toevoeging van 'n uitstalling van Jan Vermeer na-skilderye van die studente van Johan Conradie. Die jongste ArtKatjie was ook saam met haar mamma Corlia daar. Ons het heerlik gesellig agterna saam verkeer en my verjaarsdag saam gevier by die Blue Crane.



Baie dankie julle almal.

Allerlei



Die boomstomp se oranje-bruin en blou gesprek



Tanja het vir ons 'n gedigjie gestuur vanaf die Weskus wat Mandi Engelbrecht, 'n vriendin van haar, geskryf het terwyl sy by haar gekuier het.

Sonsondergang op Dwarskersbosstrand

'n wit wolf swem die golwe in
 sy duik uitgooide seewiere en haar pels staan
 koue soutpunte in die wind
 hier is min mense vanaand en laagwater nou my in
 die ding van langs die stand af stap is dat
 jy altyd al die pad terug moet loop ook
 dit is 'n tipe terapie oor wat jy uitgee
 trek jy weer na jou toe terug en jou spore
 het verspoel tot ligte insinkings
 en alles lyk dan ook anders
 selfs die wind waai andersom
 die laaste sonstraal smelt in die see

inkeer word so gevind in dat jy altyd
 tot 'n volgende tree oorgaan, dat jou visie
 nie op jou voete bly nie, maar op die verste horison
 waar more nader aan vandag is en sekondes
 ligweg tik aan die nuwe gety se roerings
 ek maak my los van die mooi hier vanaand
 want more is my vlug terug na die stadsverkeer

6 Maart 09

ArtKatte in ArtKat Studio.



Orange is red brought nearer to humanity by yellow - Kandinsky.



Annamarie, olieverf



Annamarie se papawers



Marie's Creation



Annamarie se aalwyn



Susan se lelies, olieverf



Annamarie



Annamarie se Kandinsky na-schildery



Joey's Metamorphosis



'n Geskenkie tussen-in van Orgideë wat Annamarie self gegroei het.



Susan se rooi blom, olieverf